# 12 April 2024 - Lesing 286 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die waarheid van die profesieë oor die einde – 12/5/62

**NO: 8175** Wanneer Ek julle steeds weer kennis laat toekom oor dit wat voor julle lê, wanneer Ek julle voortdurend wys op die tyd van rampspoed, wanneer Ek aan julle 'n groot Oordeel voorspel, en dat daar kort daarna die einde van hierdie aarde sal volg, dan sal julle die aankondigings van My as waarheid kan aanneem.

**Want Ek herhaal slegs wat reeds voorspel is oor die einde van hierdie aarde.** En Ek laat nou maar net weet, dat al hierdie gebeure komende is, dat die tyd aangebreek het, waarin al My profesieë vervul sal word, tot leedwese van almal wat nie glo nie. Julle mag nie sonder waarskuwing die toekoms tegemoet-gaan nie en julle moet weet dat die "toekoms", waarin julle die einde plaas, spoedig tot "teenwoordige tyd" sal word.

En julle moet daarop reken **dat julle verras sal word**, dat daar vir julle nie meer baie tyd oor is nie en Ek julle daarom steeds weer hierdie aankondigings laat toekom, omdat Ek nie wil hê dat julle onvoorbereid al die komende sal meemaak nie, omdat Ek julle nie in onkunde wil laat in welke tyd julle leef nie.

Ek weet dat al My aankondigings, gedoen deur sieners en profete, weinig geloof sal vind. Ek weet dat die mense alle bodes sal uitlag, dat hulle beskuldig sal word as komende van 'n **vals profetedom**. Maar daar sal nie baie tyd meer verbygaan nie en hulle sal hulle van die waarheid daarvan kan oortuig, wat My profete in My opdrag aan die mense verkondig het.

Nooit was dit geglo dat daar groot veranderinge op hierdie aarde sal plaasvind, **dat 'n verlossingsperiode ten einde sal loop en 'n nuwe weer begin nie**. En daar was altyd steeds maar min wat aan My bodes geloof geskenk het en wat daarom ook gered is.

Maar ook die kennis van die **lank gelede alles omvêrwerpende gebeure is vir die mense verborge**. Die tye was eindeloos lank totdat daar weer 'n dergelike verandering van die aarde sou plaasvind. En daarom het die mense ook **geen bewyse nie** en beskou hulle ook nou 'n einde van die ou gedaante van hierdie aarde as uitgesluit.

En tog staan julle mense kort daarvoor, want Ek weet wanneer 'n omvorming nodig is. **Ek weet wanneer die mense op 'n lae geestelike vlak beland het, wat soiets vereis.** Maar Ek kan niks anders doen as om julle daarvan te laat weet nie, dat julle dit nou sal kan aanneem of ook afwys, omdat julle tot aan die einde in volledige wilsvryheid moet lewe en 'n bepaalde kennis julle ook nie tot heil sou strek nie.

Maar julle moet daaroor nadink, dat Ek julle nie sonder rede hierdie aankondigings laat toekom nie. En julle sal steeds daaraan moet dink, dat julle God en Skepper 'n God van Liefde is en dat alles wat gebeur ook op hierdie Liefde van My gegrond is.

Daarom stuur Ek ook deur My openbaringe **kennis** na julle toe, wat vir julle die begrip vir My heilsplan moet ontsluit en julle sal dan ook glo dat die tyd vervul is, dat die orde eenmaal weer herstel moet word, waarin alle mense moet binnegaan om geestelik ryp te word en dat **ook vir die nog in die vaste materie gekluisterde geestelike die moontlikheid geskep moet word om hulself positief te ontwikkel**.

Want al die geestelike moet eens tot voltooiing kom. En Ek alleen weet hoe dit moontlik is en wanneer die regte tyd daarvoor aangebreek het, sodat alles weer nuut georden sal word. **En Ek bly by die tyd soos wat in My heilsplan van ewigheid vasgelê is**. Amein.